Donderdag 3 September
Skrifgedeelte: Kolossense 1:9-14
Fokusgedeelte: Kolossense 1:11

## Volhard geduldig in alle omstandighede

Lente is gewoonlik die tyd wat die kerk besin oor die nuwe lewe in Christus. Christus gee aan ons die vryheid om voordurend herskep te word ten spyte van uitdagende omstandighede. Die herskeppende werk van God, die Vader, Seun en Heilige Gees gee aan die gelowige die vermoë om vreugdevol te leef ten spyte van moeilikhede. Gelowiges wil nie net van dag tot dag oorleef nie, ons wil en moet met vreugde leef. Koninkryksburgers weet dat dinge andersom in God se koninkryk werk. Christene kan steeds vreugdevol wees wanneer ons swaarkry. Dit trek mense.

Die evangelie bind ons aan Christus. Die evangelie is soos 'n helder ligtoring vir 'n boot op 'n donker en onstuimige see. Dikwels dobber ons voort in die moeilikhede van die lewe, soos 'n skynbaar hulpelose bootjie op die onstuimige waters. Die helder lig van die evangelie flits oor die donker water tot in ons en bring nuwe hoop en rigting.

In Christus kry ons altyd die regte perspektief, selfs wanneer dit hewig om ons storm en skeur. In Christus raak ons eerder besorg oor ons siele en ons ewige bestemming. Wêreldse dinge raak onbelangrik. Die evangelie wys vir ons die waarheid oor die lewe en wêreldse probleme lyk skielik kleiner.

Geloof in Christus oorwin die wêreld. Dit stel ons in staat om deur die hier en die nou te kyk en verder te sien. Ons weet niks kan ons van Christus se liefde skei nie.

Genade van God beteken ons het sy guns, vergifnis, en Hy sorg vir ons. Dit bring vertroosting! Vrede van God is vrede met Hom, wat alle verstand te bowe gaan. Dit bewaar ons harte en gedagtes in Christus ten spyte van omstandighede.

Die krag van God versterk ons om alles deur Christus te doen. Die leiding van sy Heilige Gees is nou vir ons belangrik. As God vir ons is, wie kan teen ons wees? Niks kan ons skei van God se liefde in Christus nie.

Dink vir 'n oomblik daaroor dat ons as Christene kan sê ons het 'n vaste burgerskap in die hemel. Die wêreld kan nie ons siele aanraak wat in Christus se bewaring is nie. Selfs die fisiese dood is nie vir die ware gelowige die einde nie. Ware Christene het 'n ewige tuiste in die nuwe Jerusalem. Ons het nou reeds 'n dieper vreugde wat die wêreld nooit aan ons kan gee nie.

Ons kan bid tot God ons Vader en vra dat Hy aan ons die Heilige Gees sal skenk, sodat ons geduldig kan volhard onder alle omstandighede.

*Sing: Psalm 50-1:7, 11*

*Ds. TJ (Tommie) van Vuuren (Heilbron)*